

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2013

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 17 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 1: HOE HET DIE VAL VAN KOMMUNISME IN DIE USSR POLITIEKE VERANDERINGE IN SUID-AFRIKA IN DIE 1990's BEÏNVLOED?**

**BRON 1A**

Hierdie bron fokus op die gevolge van Mikhail Gorbachev se hervormingsbeleid in die USSR en Oos-Europa na 1985.

Mikhail Gorbachev is op 11 Maart 1985 as hoofsekretaris van die Kommunisteparty van die Sowjetunie (KPSU) verkies en het binne weke die wêreld aan twee nuwe Russiese woorde, 'glasnost' en 'perestroika', bekendgestel. Glasnost het die Koue Oorlog beëindig. Gorbachev het die foute van die Sowjet buitelandse beleid in die verlede erken, 'n Sowjet-onttrekking uit Oos-Europa aangekondig en groot toegewings voorgestel om die wapenwedloop te beëindig. President Reagan en die Weste was aanvanklik huiwerig en versigtig vir 'n nuwe Sowjet-propaganda-offensief, maar in die loop van vier spitsberade tussen 1985 en 1988 het Reagan en Gorbachev die Koue Oorlog beëindig.

Perestroika was minder suksesvol. Teen 1988 het die hervormings van die ekonomie en die Kommunisteparty nie daarin geslaag om die vertroue van die Sowjette te wen nie. In Januarie 1989 het George Bush die president van die Verenigde State geword. Saam met die res van die Weste het hy in ongeloof toegekyk hoe die Sowjetunie, teen alle verwagting in, tussen 1989 en 1991 ineenstort. Gedurende 1989 het die Oos-Europese state van Sowjet-invloed weggebreek en begin met die prosedure om demokratiese regerings te verkies. Op 9 November 1989 is die Berlynse Muur afgebreek omdat die Duitse volk, ongeduldig vir hereniging, vinniger as die politici beweeg het.

[Uit: *The Cold War* deur B Lightbody]

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 1B**

Hierdie spotprent deur E Valtman is op 31 Augustus 1991 in *The Waterbury Republican* gepubliseer.

**Gorbachev staar na 'n verbrokkelde hamer en sekel**




[Uit: *The Best Editorial Cartoons of the Year* deur ES Valtman]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BRON 1C**

Die bron hieronder deur J Daniel beklemtoon hoe die val van die Berlynse Muur die weg vir verandering in Suid-Afrika gebaan het.

Dit behoort duidelik te wees … dat teen die tyd dat die gebeure rondom die Berlynse Muur plaasgevind het, die momentum vir verandering in Suid-Afrika besig was om toe te neem. Wat die val van die muur gedoen het, was nie om omstandighede vir verandering te skep nie, maar om dit op die voorgrond te druk om die hele proses te bespoedig. Wat dit gedoen het, was om die hindernisse waarvoor diegene wat 'n nuwe pad vorentoe voorgestaan het, te verminder. Dit was, byvoorbeeld, nou vir FW de Klerk moontlik om, onder intense druk van die Verenigde State en met die vooruitsig van verskerpte sanksies, vir sy kritici te vertel dat die Koue Oorlog verby was. Dat 'ons' gewen het en dat die Sowjette verloor het en dat dit op sy beurt die ANC verswak het omdat hy sy hoofbeskermheer verloor het. Gevolglik kon hy redeneer dat dit nou vir die Nasionale Party moontlik was om hulle polities en op 'n meer gelyke speelveld te konfronteer. Die ANC, kon hy aanvoer, het nou geen ander keuse gehad as om te onderhandel nie …

... terwyl De Klerk en sy toppersoneel in Nasionale Intelligensie die post-1985 Koue Oorlog-seine reg gelees het, kon hulle nooit die ware realiteit van die nasionalistiese stryd in Suidelike Afrika verstaan nie, waar dit nie die Sowjetunie was wat die probleem was nie. Wat wel die probleem vir die wit minderhede was, was die regmatige strewes van die swart meerderheid.

[Uit: *The Impact of the Cold War and the Fall of the Berlin Wall on Southern Africa* deur J Daniel]

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 1D**

Hierdie bron bestaan uit twee uittreksels.

**<u>Uittreksel 1</u>: Die volgende bevat 'n gedeelte van 'n toespraak wat FW de Klerk op 2 Februarie 1990 in die parlement gelewer het.**

Die regering het sy goeie trou bewys met die stappe wat gedoen is en die tafel is gedek vir verstandige leiers om oor 'n nuwe bedeling te begin praat om deur middel van dialoog (samesprekings) tot 'n verstandhouding te kom. Die agenda is oop en die algemene doelwitte waarna ons strewe, behoort vir alle redelike Suid-Afrikaners aanvaarbaar te wees.

Hierdie doelwitte sluit, onder meer, 'n nuwe demokratiese grondwet in; algemene stemreg; geen oorheersing; gelykheid voor 'n onafhanklike regbank (hof); die beskerming van minderheidsgroepe sowel as individuele regte; …

Ek wil dit duidelik stel dat die regering 'n vaste besluit geneem het om mnr. Mandela onvoorwaardelik vry te laat. Ek is ernstig daaroor om hierdie saak sonder versuim af te handel. Die regering sal binnekort op die datum van sy vrylating besluit.

[Uit: *The Argus*, 6 Februarie 1990]

**<u>Uittreksel 2</u>: Hierdie uittreksel fokus op W Esterhuyse se interpretasie van FW de Klerk se 2 Februarie 1990-toespraak.**

Die toespraak het 'n dramatiese impak op die ANC gehad, en nie net omdat die organisasie aangedring het op vooraf kennisgewing oor kwessies soos Nelson Mandela se vrylating en die opheffing van inperkings nie. Daar was die verwagting by ANC-leiers dat De Klerk geleidelik 'n klimaat vir onderhandelings sou skep. Baie Afrikaners het ook so gedink. Ek, byvoorbeeld, het geglo dat De Klerk, gegewe sy politieke versigtigheid en konserwatiewe wortels, nie die moed sou hê om, waarna Terre'Blanche as 'n kwantumsprong verwys het, te maak nie. De Klerk het die ANC en baie ander mense verkeerd bewys. Hy het in besonder bewys dat hy nie vir die regses bang was nie en hulle nie sou toelaat om die politiek voor te skryf nie. Met 'n enkele toespraak het hy alles wat nodig was om 'n klimaat vir onderhandelings te skep, tot stand gebring: die onvoorwaardelike vrylating van Nelson Mandela, die ontbanning van organisasies en die terugkeer van uitgewekenes.

Mbeki is ook onkant betrap deur die tydsberekening en die omvang (belangrikheid) van De Klerk se aankondiging. Daar was niks in die toespraak waaruit die ANC of die United Democratic Front (UDF) enige politieke voordeel kon trek nie. De Klerk was die man van die oomblik. Die ANC het ook nie geweet presies wanneer Mandela vrygelaat sou word nie. De Klerk het die ANC aan die raai gehou ... Hy is dalk onverhoeds betrap deur die tydsberekening en die omvang van die aankondiging, maar hy was onder geen omstandighede onseker nie. Om die waarheid te sê, ek het reeds in Oktober 1989 uit Engeland teruggekeer met 'n boodskap van Thabo Mbeki aan die Nasionale Intelligensiediens: 'Hef die verbod op een op, hef die verbod almal op.'

[Uit: *Secret Talks and the End of Apartheid, Endgame* deur W Esterhuyse]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 2: WATTER IMPAK HET DIE VAL VAN KOMMUNISME OP DIE HERVOORSTELLING VAN ANGOLA IN DIE 1990's GEHAD?

### BRON 2A

Die verslag hieronder is deur 'n eertydse Angolese burger geskryf. Hy skets hoe Angola deur die Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die USSR beïnvloed is.

Selfs in die 1980's was Angola 'n land waarin die Verenigde State en die Sowjetunie alternatiewe magte gebruik het om vir invloed en oppermag te kompeteer. Terwyl die Sowjette en die Kubane voortgegaan het om die Marxistiese regime (MPLA) in die hoofstad Luanda te ondersteun, het die Amerikaners saam met die Suid-Afrikaners Jonas Savimbi se rebellegroep, UNITA, onderhou ... Fisies en ekonomies was die totale koste van hierdie burgeroorlog vir die mense van Angola enorm. Net in die 1980's het meer as vierhonderdduisend Angolese gesterf en nog vele is vermink (gewond/beseer). Nog ongeveer drie miljoen mense is uit die landelike gebiede en hulle huise verdryf.

Die eerste teken van vrede in Angola se eindelose burgeroorlog het in 1990 gekom toe die Koue Oorlog byna verby was. Portugal, die Verenigde State en selfs Rusland het met samesprekings begin om vrede in Angola te bring. In Mei 1991, by 'n vergadering tussen President Dos Santos en Jonas Savimbi, is 'n ooreenkoms uiteindelik onderteken om sestien jaar se oorlogvoering tussen hierdie twee leiers te beëindig. Maar agterdog en wantroue, aan die orde van die dag, sou nooit verander nie. Die MPLA en sy president het in werklikheid 'n kultuur van korrupsie en 'n outoritêre party in die hande van 'n klein elite groep opgebou, wat lankal daaraan gewoond was om die mag in die hande te hê ... Hierdie magsvergryp was rampspoedig. Angola se regering het vyftien jaar lank 'n Sowjet-geïnspireerde stelsel van gesentraliseerde beplanning en nasionalisering afgedwing, wat die ineenstorting van sowel landbou- as nywerheidsproduksie veroorsaak het …

Toe Jonas Savimbi die verkiesingsuitslae van 1992 verwerp het, was al sy lojale vriende regoor Amerika en Suid-Afrika ontsteld oor sy weiering om sy verkiesingsnederlaag te aanvaar … Die oorlog het weer begin en dit het gelyk of Dos Santos, die president van Angola, nie iemand was vir vreedsame onderhandelings nie …

[Uit: *Angola, Land of Shattered Dreams* deur Z Santana]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BRON 2B**

Hierdie spotprent deur Zapiro het in die *Sowetan* van 17 November 1994 verskyn. Dit beeld die impak van die burgeroorlog op Angolese burgers uit.




[Uit: *Zapiro: The Madiba Years* deur J Shapiro]

**AFRIKAANSE VERTALING:**

EK SAL 'N ARM EN 'N BEEN GEE DAT HIERDIE OORLOG KAN OPHOU!

***Angola Times***
VREDESOOREENKOMS
Angola-nasie: die meeste geamputeerdes

**VERTALING VAN KENNISGEWING (regs op die spotprent)**

PASOP VIR LANDMYNE

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BRON 2C**

Hierdie bron bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron oor die uitwerking van burgeroorlog op Angola.

**<u>Geskrewe Bron</u>: Die volgende uittreksel fokus op die verwoestende uitwerking wat die jare van burgeroorlog op Angola se infrastruktuur gehad het.**

Dit is amper onmoontlik om die verwoesting te beskryf wat meer as 30 (dertig) jaar se voortdurende konflik veroorsaak het. Alles moet herbou word: brûe, strate en paaie, kommunikasiestelsels, landingstroke, hospitale en skole. Honderde duisende mense woon in krotbuurte aan die buitewyke van die hoofstad in uiterste vuilheid en ellende.

Luanda het nou viermiljoen inwoners, maar slegs ongeveer 20 000 (twintigduisend) van hulle het lopende water of moderne toilette. Groot dele – gewoonlik die armoedigste dele – van die hoofstad is 'n visioen uit die hel 'omring deur berge vullis' en 'deurweek met riviertjies van menslike afval'. So ver terug as 1994 is daar geskat dat 22 000 (twee-en-twintig duisend) stortbakvragmotors nodig was om Luanda se opgehoopte afval te verwyder, en dit was toe die stad nog net die helfte van sy huidige bevolking van 4,5 miljoen was.

Die regering kan dit maklik bekostig om 'n rioolsuiweringsaanleg te bou en drinkwater uit nabygeleë riviere na die stad te pomp. In die afwesigheid van hierdie dienste betaal miljoene van Luanda se armes tot 10 000 (tien duisend) keer meer vir drinkwater – vervoer deur duur privaat afleweringsvoertuie – as die elite wat net 'n kraan oopdraai.

[Uit: *Africa 2007* deur C Cutter]


**Blaai asseblief om vir die Visuele Bron.**

eduresourceza.com

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**<u>Visuele Bron</u>: Hierdie foto is in Oktober 2010 deur LJ Bothma geneem. Dit toon brûe oor die Cuchirivier.**




[Uit: *Anderkant Cuito, 'n Reisverhaal van die Grensoorlog* deur LJ Bothma]

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3: HOE HET DIE ONDERHANDELINGSPROSES TUSSEN DIE VERSKILLENDE POLITIEKE ORGANISASIES IN 1994 DIE WEG GEBAAN VIR SUID-AFRIKA SE EERSTE DEMOKRATIESE VERKIESING?**

**BRON 3A**

Hierdie bron bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron.

**Geskrewe Bron: Hierdie bron skets die redes vir De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990.**

2 Februarie 1990 was moontlik die merkwaardigste dag in die geskiedenis van die wit minderheidsregering omdat dit die oomblik was dat die onafwendbaarheid van sy eie mislukking openlik erken is. Toe De Klerk die verbod op die ANC, die PAC en die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty opgehef het; aangekondig het dat Nelson Mandela binnekort onvoorwaardelik vrygelaat sou word; die noodtoestandregulasies op organisasies soos die UDF en Cosatu opgehef is; talle politieke gevangenes vrygelaat is; mediabeperkings opgehef is en verklaar het dat die tyd aangebreek het om 'n 'totaal nuwe en regverdige bedeling' gebaseer op gelykheid te skep, het die omvang en die aard van nasionale politiek vir goed verander. Die regering self het erken dat die dae van wit heerskappy getel was. Sy 2 Februarie-toespraak het stellig die vertroue van beide Suid-Afrika en die internasionale wêreld herstel. Sonder 'drastiese verandering', het hy gewaarsku, sou daar niks meer as 'toenemende geweld, spanning en konflik' wees nie. Dit was tyd om openlik en vrylik te praat oor die hervorming van die karakter van die Suid-Afrikaanse staat.

Reaksie op die toespraak was onmiddellik en vol lof. Aartsbiskop Desmond Tutu het verklaar dat De Klerk 'my asem weggeslaan het'. Koerantopskrifte soos 'Suid-Afrika en die Wêreld Juig' en 'Suid-Afrika breek deur die politieke klankgrens' was kenmerkend. Nelson Mandela het later geskryf: ' 'n Asemrowende oomblik, want met een armswaai het [De Klerk] die situasie in Suid-Afrika feitlik genormaliseer. Ons wêreld het oornag verander.'

Die enigste stem van wanhoop en verontwaardiging was dié van die wit regses. Dr. Andries Treurnicht, leier van die Konserwatiewe Party, het De Klerk se toespraak – waarskynlik akkuraat – verklaar as 'die mees rewolusionêre toespraak waarna ek nog ooit gedurende die afgelope 19 jaar in hierdie parlement geluister het'. Die opheffing van die verbod op die ANC, die PAC en die Kommunisteparty was 'absoluut skokkend'.

[Uit: *Every Step of the Way: The Journey To Freedom In South Africa* deur die Ministerie van Onderwys]

**Blaai asseblief om vir die Visuele Bron.**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**<u>Visuele Bron</u>: Hierdie spotprent deur Gorrell is April 1994 gedateer. Dit toon 'Wit Heerskappy' wat swart Suid-Afrikaners vrylaat.**




"YOU'RE FREE!... MIGHTY BIG OF ME, ISN'T IT?"

[Uit: *Nelson Mandela: A Life in Cartoons* deur H Dugmore et al.]

**AFRIKAANSE VERTALING:**

**Nekband: S.-AFRIKA**
**Tas: WIT HEERSKAPPY**

**Onderskrif: 'JY IS VRY! ... BAIE GROOTMOEDIG VAN MY, NÈ?'**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BRON 3B**

Die bron hieronder bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron.

**<u>Geskrewe Bron</u>: Hierdie is 'n uittreksel van die vergaderings wat in 1990 tussen die Nasionale Party en die ANC (African National Congress) gehou is.**

Op 2 Mei 1990 het die NP en die ANC met 'n tweedaagse reeks 'gesprekke oor gesprekke' by die historiese Groote Schuur-ampswoning in Kaapstad begin. Dit was by hierdie deftige eertydse woning van Suid-Afrikaanse staatshoofde waar die twee partye oorkant mekaar by 'n groot eetkamertafel gesit het en die struikelblokke op die weg van onderhandelings en maniere om hulle te oorkom, geïdentifiseer het. Die vergadering was baie gespanne – albei kante was hoogs wantrouig teenoor mekaar.

Tydens hierdie vergadering het die ANC geweier om die NP se sleutelvereiste om die MK (Umkhonto we Sizwe) te ontbind, te aanvaar. De Klerk het hierdie toegewing nodig gehad om vrese in die wit gemeenskap te besweer. Alhoewel die NP belangrike veranderinge aangebring het, was die beskerming van die belange van die wit 'groep' steeds sy kerndoel en wou hy 'n stewige greep op die oorgangsproses hê. Geen party het egter 'n duidelike plan gehad oor hoe om te werk te gaan nie. Hulle het hulleself in onbekende water bevind en albei het by nabetragting die behoefte raakgesien om so buigsaam en openlik as moontlik te wees.

Die vergadering het geëindig met wat De Klerk en Mandela beskryf het as 'n 'breë ooreenkoms' tussen die partye, in die vorm van die historiese Groote Schuur-minuut.

Hierdie kompromis, wat 'n 'historiese wapenstilstand' genoem is, het dit moontlik gemaak dat die onderhandelingsproses in goeie trou kon voortgaan. Finale ooreenkomste is toe bereik oor kwessies soos die vrylating van politieke gevangenes en die terugkeer van politieke uitgewekenes. Die regering het ook ingestem om sy veiligheidswetgewing te hersien om vrye politieke aktiwiteite te verseker en die noodtoestand in Natal te beëindig. Die Pretoria-minuut het afgesluit: 'Ons is oortuig dat dit waarop ons vandag ooreengekom het, 'n mylpaal op die weg na ware vrede en voorspoed vir ons land kan word. Die weg is nou oop vir onderhandelings vir 'n nuwe grondwet. Verkennende samesprekings in hierdie verband sal plaasvind voor die volgende vergadering, wat binnekort gehou gaan word.'

[Uit: *One Law, One Nation: The Making of the South African Constitution* deur L Segal]

**Blaai asseblief om vir die Visuele Bron.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**<u>Visuele Bron</u>: Die volgende was die hoofopskrif wat op 6 Augustus 1990 in die *Sunday Times* verskyn het. Dit fokus op die Pretoria-samesprekings wat tussen die ANC en die NP gehou is.**



Sunday Times

Crucial Pretoria talks could end armed struggle

HOPES SOAR FOR PEACE!

[Uit: *One Law, One Nation: The Making of the South African Constitution* deur L Segal]

**AFRIKAANSE VERTALING VAN KOERANTOPSKRIF:**

Deurslaggewende Pretoria-samesprekings kan gewapende stryd beëindig

**HOOP VLAM OP VIR VREDE!**

**BRON 3C**

Hierdie bron fokus op die reaksie van regsgesinde politieke partye oor die onderhandelingsproses.

Mnr. Terre'Blanche het gewaarsku dat regsgesindes besig was om saam te span om KODESA (Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika) te vernietig. 'Ons gaan 'n offensief saam met die Konserwatiewe Party en die Herstigte Nasionale Party loods om dit te kan doen,' het hy aan ongeveer 1 200 ondersteuners gesê ...

Vroeër die week het 'n Suid-Afrikaanse polisiebeampte, wat regsgesinde aktiwiteite ondersoek het, gesê dat regsgesinde dreigemente 'in 'n ernstige lig beskou' word. 'Hulle is geneig om hulle aanvalle aan spesifieke gebeurtenisse te koppel, en KODESA II kan waarskynlik 'n nuwe vlaag bomaanvalle oplewer,' het hy gesê.

[Uit: *Sunday Times,* 2 Februarie 1992]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4: WATTER ROL HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) GESPEEL OM SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE TE GENEES?**

**BRON 4A**

Hierdie uittreksel deur Desmond Tutu stipuleer die voorwaardes vir die toestaan van amnestie.

Die enigste voorwaardes om amnestie te kry was:

- Menseregteskendings wat voorgekom het tussen 1960, die jaar van die Sharpeville-slagting, en 1994 toe president Nelson Mandela as die eerste demokraties verkose Suid-Afrikaanse staatshoof ingehuldig is.
- Die daad moes polities gemotiveerd gewees het. Oortreders het nie vir amnestie gekwalifiseer as hulle vir persoonlike gewin gemoor het nie, maar hulle het gekwalifiseer as hulle die daad uitgevoer het na aanleiding van 'n bevel van, of namens 'n politieke organisasie soos die voormalige apartheidstaat en sy satelliet-Bantoestan-tuislande, of 'n erkende bevrydingsbeweging soos die ANC of PAC.
- Die aansoeker moes al die tersaaklike feite met betrekking tot die misdryf waarvoor amnestie gevra word, ten volle bekend maak.

As daardie voorwaardes nagekom is, het die wet gesê dat amnestie toegestaan 'sal' word. Slagoffers het die reg gehad om aansoeke om amnestie teen te staan deur te probeer bewys dat hierdie voorwaardes nie nagekom is nie, maar hulle het geen vetoreg oor amnestie gehad nie.

[Uit: *No Future Without Forgiveness* deur D Tutu]

**BRON 4B**

Hierdie uittreksel deur voormalige President Thabo Mbeki fokus op die belangrikheid daarvan om die waarheid by die WVK-verhore te praat.

Die groot krake (gapings) in ons samelewing, wat die afwesigheid van 'n nasionale konsensus oor sake wat fundamenteel is vir die skep van die nuwe samelewing verteenwoordig, word ook verteenwoordig deur die omstredenheid wat skynbaar rondom die werk van die Waarheids-en-Versoeningskommissie ontstaan het.

Die haat en vyandigheid van die verlede sal nie weggaan tensy die waarheid oor wat gebeur het, vertel word nie. Om die waarheid te vertel is pynlik vir almal. Waar gruwelike menseregteskendings aan albei kante van die konflik plaasgevind het, kan hulle nie anders as om diegene wat die oortreders was, te verneder nie.

Ons is verneder deur die dade wat gepleeg is en nie deur dit aan die Kommissie en die nasie oor te vertel nie. Iets waardevol sal herstel word deur die moed wat ons aan die dag lê om die waarheid te vertel, en deur te erken dat 'n onreg gepleeg is.

[Uit: *The Life and Times of Thabo Mbeki* deur A Hadland en J Rantao]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BRON 4C**

Hierdie bron bestaan uit twee uittreksels.

**Uittreksel 1: Hierdie uittreksel beklemtoon Matthews Phosa se opinie oor waarom die ANC nie om amnestie moet aansoek doen nie. Phosa was op daardie tydstip die premier van Mpumalanga en het by die bekendstelling van die *Mpumalanga Times*-koerant gepraat (datum onbekend).**

' 'n Onaanvaarbare neiging is besig om te ontwikkel wat daarop gemik is om die stryd teen apartheid gelyk te stel aan diegene wat dit toegepas het, ten spyte van die feit dat die VN apartheid as 'n misdaad teen die mensdom verklaar het,' het hy gesê.

Oor ANC-lede wat by die WVK om amnestie aansoek doen, het hy gesê: 'Ek hoop nie ek word verkeerd verstaan nie, aangesien dit al voorheen gebeur het.' As die ANC-lede buite die organisasie se beleid opgetree het en menseregte geskend het, moet hulle beslis om amnestie aansoek doen. Net so, as die WVK se ondersoek enige menseregteskendings vind, dan 'moet ons om amnestie aansoek doen' het Phosa gesê. Die ANC sou egter nie om amnestie aansoek doen vir geldige dade teen apartheid nie.

**Uittreksel 2: Hierdie bron fokus op die Konserwatiewe Party se reaksie op die WVK se weiering om amnestie aan twee van sy ondersteuners te verleen.**

Die KP het Woensdag gesê dat hy 'geskok' was dat twee regsgesinde politieke gevangenes, Jean du Plessis en Jean van Wyk, amnestie geweier is. KP-leier, dr. Ferdi Hartzenberg, het beweer dat die weiering die vooroordeel van die WVK bevestig het en dat sy enigste doel was om 'Afrikaners te vernietig'. Hartzenberg het gesê dat Du Plessis en Van Wyk volgens alle kriteria vir amnestie gekwalifiseer het, maar amnestie geweier is deur 'n 'duidelik subjektiewe kommissie'.

Die beweerde misdade ter sprake het in 1991 plaasgevind, lank voor die afsnydatum vir amnestie. In mnr. Du Plessis se geval is niemand beseer of dood in die voorval nie. 'Dit is in skrille kontras met, byvoorbeeld, die gebeure by Shell House, in welke geval die prokureur-generaal onlangs besluit het dat daar geen vervolging gaan wees nie,' het Hartzenberg gesê. 'Dit bevestig die algehele partydigheid van die sogenaamde WVK en dat dit net een doel het, naamlik die vernietiging van die Afrikaners. Dit het geen twyfel gelaat dat daar geen nut in was vir Afrikaners om om amnestie aansoek te doen nie en dat Afrikaners geen geloofwaardigheid aan die Kommissie moes heg nie,' het Hartzenberg gesê.

[Uit: http://www. TRC/SAPA_11december1996_ CP_shocked_.Toegang verkry op 30 Januarie 2013]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 4D**

Hierdie spotprent is Dr. Jack se siening van die WVK-verslag wat in 1998 deur die WVK-voorsitter, aartsbiskop Desmond Tutu, aan president Nelson Mandela oorhandig is. Die woord 'ONTWYKEND' beteken 'probeer vryspring/ontduik'.




HMMM ... LELIK! ... WAAR'S DIE 'VERSOENING'?

WAARHEID

DIT IS BAIE MEER ONTWYKEND.

[Uit: *Nelson Mandela – A life in cartoons* deur H Dugmore]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## ERKENNINGS

Visuele en ander historiese bewyse is uit die volgende bronne geneem:

Bothma, LJ. 2011. *Anderkant Cuito, 'n Reisverhaal van die Grensoorlog* (ABC Press: Epping)
Cutter, C. 2007. *Africa 2007* (Stryker-Post Publications, VSA)
Daniel, J. 2009. *The Impact of the Cold War And The Fall Of The Berlin Wall on Southern Africa*
Dugmore, H et al. 1999. *Nelson Mandela: A Life In Cartoons* (David Philip Uitgewery: Johannesburg)
Esterhuyse, W. 2012. *Secret Talks And The End Of Apartheid, Endgame* (Tafelberg: Kaapstad)
Hadland A en Rantao J. 1999. *The Life And Times Of Thabo Mbeki* (Zebra Press: Rivonia)
http://www. TRC/SAPA_11december1996_ CP_shocked_
Lightbody, B. 1999. *The Cold War* (Routledge, Londen)
Ministerie van Onderwys. 2004. *Every Step of the Way: The Journey To Freedom In South Africa* (HSRC Press: Kaapstad)
Santana, Z. 2009. *Angola Land of Shattered Dreams* (Xlibris Corporation, VSA)
Segal, L et al. 2011. *One Law, One Nation: The Making of the South African Constitution* (Jacana Media)
Shapiro, J. 1996. *Zapiro: The Madiba Years* (David Philip Uitgewery: Johannesburg)
*The Argus* (6 Februarie 1990 uitgawe)
*The Sunday Times* (2 Februarie 1992 uitgawe)
Tutu, D. 2000. *No Future Without Forgiveness* (Juta Gariep)
Valtman, ES. 1991. *The Best Editorial Cartoons Of The Year* (Baltimore)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com